# MASTITIS

Mastitis is inflammasie van ’n dier se melkklier



## Simptome



- Die uier is geswel, hard, warm en pynlik.
- Afsterwing van die uierweefsel kom voor en die koei kan selfs vrek.
- Die koei is dikwels koorsig, wil nie vreet nie en produseer minder melk.
- Die melk lyk anders. Dit kan byvoorbeeld waterig wees of slym, etter of selfs bloed bevat.

## Oorsake

’n Verskeidenheid mikro-organismes soos bakterieë, virusse en gisse veroorsaak mastitis. Faktore wat tot die siekte bydra, is:

- nat klimaat
- saagsels wat met mis besoedel is
- vuil toerusting en vuil water in die melkery
- besmette koeie in die kudde.

## Behandeling



- Dien ’n geskikte antibiotikum volgens voorskrif toe onder streng higiënetoestande.
- Geswelde, harde, warm uiers moet versigtig en liggies gemasseer word. Die uier moet 2 tot 3 keer gedurende die dag uitgemelk word.
- Begrawe die melk of stort dit in ’n rioolstelsel.

**Gebruik ’n toetsbeker by elke melking**

# Beheer

- Handhaaf goeie higiëne tydens melking.
- Knip lang hare aan die uier af. Vee die spene af met droë, wegdoenbare papier.
- Was vuil spene onder lopende water en droog hulle goed af met wegdoenbare papier.
- Gebruik ’n toetsbeker by elke melking en kyk of die melk slym, etter of bloed bevat.
- Die speenhulse van melkmasjiene moet na elke melking gewas en ontsmet word.
- Doop die spene in ’n geskikte speenmiddel na elke melking.
- Melkers moet hulle hande was voordat hulle speensalf aanwend of wanneer hulle met die hand melk.
- Melkers moet nie sere aan hul hande hê nie.

# Bestuur

- Skei besmette koeie van die res van die kudde en melk hulle laaste.
- Koop net gesonde diere.



## Onthou

*Raadpleeg u plaaslike dieregesondheids-tegnikus of ’n veearts indien mastitis ’n voortdurende probleem in die kudde is.*

*Saamgestel deur die Nasionale Departement van Landbou in samewerking met die Direktoraat Dieregesondheid*

*Gedruk en uitgegee in die Republiek van Suid-Afrika deur die Nasionale Departement van Landbou en verkrygbaar by die Inligtingsentrum, Direktoraat Kommunikasie, Privaat Sak X144, Pretoria 0001*

*1996*